

Enkele onlangse ontwikkelinge op die terrein van die Kerkgeskiedenis elders ter wêreld

J W Hofmeyr

ABSTRACT

Some recent developments in the field of Church History elsewhere in the world

The academic subject of church history in South Africa is facing various challenges on its way into the twenty first century. In many ways it can also be regarded as a science in transition with realities like paradigm-switches, processes of reinterpretation and a new dialogue between church historians and secular historians. In this process the knowledge and understanding of recent developments in the field of church history elsewhere in the world can be of great value and relevance for the church historian in the South African context.

1 INLEIDEND

Die kerkhistoriese wetenskap in Suid-Afrika is saam met al die ander teologiese vakgebiede besig om sy vere reg te skud om die een en twintigste eeu tegemoet te tree. So 'n proses gaan nie altyd sonder pyn of sonder verskillende vorme van ang of bekommernis gepaard nie. Trouens, nuwe ontwikkelinge of oorgangsprosesse hou juis 'n mate van spanning en onsekerheid vir die betrokkenes in. Aangesien daar met 'n goeie mate van reg beweer kan word dat die kerkhistoriese wetenskap in Suid-Afrika tans ook nog 'n paradigma-verskuiwing na 'n groter openheid beleef (wat natuurlik nie noodwendig saamhang met die oorgang na 'n nuwe eeu nie) kan 'n mens wel sê dat bepaalde oorgangspyne tog merkbaar is. Om hierdie oorgangsproses in die Suid-Afrikaanse konteks te vergemaklik en selfs ook beter te begelei kan dit waardevol wees om na enkele van die jongste ontwikkelinge op die terrein van die kerkgeskiedenis elders ter wêreld te gaan kyk. Die fokus daarop kan groot waarde en relevansie vir die beoefenaar van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika inhou.

2 ONTWIKKELINGE IN DIE KONTEKS "FROM WITHIN": DIE DERDE WêRELD EN AFRIKA

Om van die jongste ontwikkelinge op die terrein van die kerkhistoriese wetenskap in Afrika in beperkte verband hier saam te vat is nie so eenvoudig nie. Enersyds is die gebied doodgewoon so geweldig groot en andersyds verskil ontwikkelinge ook ingrypend van plek tot plek. 'n Mens sou dus in oppervlakkigheid of in ongegronde veralgemenings verval om te absolute of finale uitsprake daaroor te maak. Ons sal hier alleen maar enkele pennestrepe trek om die buitelyne van die prentjie aan te dui. 'n Veel vollediger oorsig sou eers werklik 'n duideliker beeld kon skep. Om 'n beeld en selfs ook maar net 'n tentatiewe beeld van ontwikkelinge in Afrika te teken vereis dat 'n mens Afrika nie los sal sien van ontwikkelinge elders in die derde wêreld nie. Daar het gedurende die laaste dekade of twee ingrypende ontwikkelinge plaasgevind op die terrein van die kerkhistoriese wetenskap in Suid-Amerika, Asië en Afrika.

Wat Suid-Amerika betref is die kerkhistoriografie voorheen gekenmerk deur 'n sterk institusionele fokus en 'n Westerse gerigtheid. Klem is veral op die oorwinnaar in plaas van die oorwonnene, op die kerklike in plaas van die lekedom, op die manlike in plaas van die vroulike rol geplaas. Veral deur die bemiddeling van CEHILA ("Comission de Estudios de la Egglesia en America Latina") is die bordjies in Latyns-Amerika grootliks verhang en ontwikkel 'n taamlik breë historiese bewussyn. In hierdie verband het veral Enrique Dussel belangrike bydraes gelewer. Daar sal egter steeds daarteen gewaak moet word dat hierdie onderneeming nie maar net na 'n volgende uiterste oorhel nie.

Met betrekking tot Asië en veral wat betref die kerkgeskiedenis in Indië is kerkgeskiedenis tot in die veertigerjare van hierdie eeu hoofsaaklik deur Westerse historici vir 'n Westerse leserspubliek bedryf. Dit was veral die geskiedenis van die sending en die sendeling vanuit die Weste wat aan die orde gekom het. Mettertyd het daar egter geleidelike verskuiwings ingetree en algaande val die klem meer op die Indië konteks en 'n meer onafhanklike en ekumeniese perspektief. Voortaan is die geskiedskrywing van die kerke aldaar met 'n oper oog hanteer. Daar word van meer verteenwoordigende bronne gebruik gemaak en die oog word breër gerig op al die fasette en lae van kerk en samelewing.

Die historiografie in Afrika het sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n besliste statusverandering ondergaan van 'n kroniekmatige dissipline na 'n geïntegreerde sosiale wetenskap en 'n nasionale bevoordeeldheid is met 'n breër

wêreldperspektief vervang. Afrika-historici moes die valse beeld korrekeer as sou Afrika geen geskiedenis hê nie of andersins geen geskiedenis wat die moeite werd is om van kennis te neem nie. 'n Ander belangrike proses in die geskiedskrywing van Afrika was die dekolonisasieproses van die geskiedenis en die ontmitologisering van verskeie rassistiese mites.

Intussen het die "Working Commission of Church History in the Third World" tot stand gekom. Dit is 'n werkgroep van EATWOT ("Ecumenical Association of Third World Theologians") wat hom veral ten doel stel om kerkgeskiedenis in die derde wêreld te bevorder. In 1983 word 'n aantal duidelike doelwitte en riglyne geformuleer. Enkele van hierdie riglyne is van belang om hier kennis van te neem: "The church history of the Third World should be the story of the creative reception and incarnation of the Gospel in the particular regions and cultures in contrast to a recommitting of missionary endeavours; this history has to take into account peoples, cultures and religions even before the coming of the European churches; this history should be written from the ecumenical point of view taking into consideration the peculiarities of the different Christian groups; it should be a scientific history with a pastoral rather than an academic intention; this history should be a product of teamwork rather than by individual scholarship"¹.

Reeds in 1975 beklemtoon Weller² die belangrikheid van balans ten opsigte van die kerkhistoriografie van Afrika. Dit is allereers volgens hom van groot belang dat 'n goeie geografiese balans gehandhaaf sal word. Tweedens moet daar ook 'n balans wees ten opsigte van die historiese periodes wat in die dosering van die kerkgeskiedenis aan die orde gestel word. Nie net die vroegste eeue of net die vestigingsperiode van die kerk in Afrika moet dus ter sprake kom nie. Daar moet 'n gebalanseerde oorsig van alle fases in die kerkgeskiedenis aangebied word. Daar moet ook 'n balans wees ten opsigte van gesigspunte en denominasies wat onder die soeklig van die geskiedenis geplaas word.

Teen 1986 vind 'n belangrike gesprek van kerkhistorici in Nairobi, Kenia plaas. By hierdie geleentheid word veral gefokus op die wat, die hoe, die waarom en die vir wie van 'n Afrika-kerkgeskiedenis. In 1989 word dit opgevolg met 'n internasionale konferensie van Derde Wêreld kerkhistorici in Londen. Tydens hierdie geleentheid word die daarstelling van kerkgeskiedenis van die derde-wêreld kontinente sterk beklemtoon.

Sedertdien het omvattende kerkgeskiedenis van Suid-Amerika en Asië die lig gesien. Afrika blyk egter ver agter te bly in hierdie proses. Dit kan veral gewyt word aan taal-, denominasionele en persoonlikheidsverskille. In 1992

beklemtoon Ogbu Kalu van Nigerië weer eens die dringendheid van hierdie onderneming: "A caveat must be underlined, namely, the imperative to pursue this enterprise from an ecumenical perspective, holistic, irenic and predicated on (a) theological/biblical roots (b) africanist ideology. Both denominationalism as well as lingua franca differences in Africa were inherited and should not deter"³.

3 ONTWIKKELINGE IN DIE KONTEKS "UP ABOVE": DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Ook in die Verenigde State van Amerika het daar in die jongste verlede bepaalde opvallende verskuiwinge plaasgevind. Alhoewel hierdie verskuiwinge nie soseer op die vlak van konferensies of vakverenigings gerealiseer het nie maar veel eerder op die vlak van veranderde tendense, is dit nie minder relevant vir ons in Suid-Afrika nie.

In die Verenigde State van Amerika het daar gedurende die afgelope dekade 'n hele aantal nuwe temas op die tafel van die kerkhistorikus beland. As 'n mens 'n studie sou maak van sodanige temas uit 'n oorsig van resente tydskrif-artikels en boeke dan is die fokus op die plek van die vrou in die kerkgeskiedenis asook op minderheidsgroeperinge en onderdrukte elemente veral opvallend. Verder het die sosiale dimensies van die kerkgeskiedenis veel meer onder die kalklig te staan begin kom terwyl temas soos die rol van die Christendom in belangrike politieke tydvakke ook veel meer aandag begin kry het. 'n Verskeidenheid van ander temas wat meer en meer onder die aandag kom, is dié van godsdienstige pluralisme, die rol van die lekedom, die multikulturele werklikheid, die verskillende evangeliese strominge asook vergelykende studies⁴.

Intussen is daar ook in die Verenigde State van Amerika steeds sprake van 'n groot verskeidenheid benaderingswyses en metodologiese vertrekpunte. Dit word op enkele uitsonderinge na egter eerder as 'n voordeel gesien. Dit hou enersyds groot wedersydse verrykende waarde in en andersyds lei dit tot vrugbare dialoog en weldeurdragte verantwoording by diegene wat 'n bepaalde koers inslaan. Wat wel 'n mate van kommer inhou is die feit dat hierdie openheid opnuut weer tot 'n vorm van polemiese geskiedskrywing en tot seksionele eiebelang aanleiding gee. Intussen is daar ook in hierdie gedeelte van die eerste wêreld nog veels te weinig sprake van gesprek met en uitreiking na vakgenote in minder ontwikkelde dele van die wêreld. Op die terrein van opleiding en navorsing is daar eweneens ingrypende veranderinge aan die realiseer. Dit kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat

die patroon van teologiese opleiding besig is om te verander. Die klem val in teologiese opleiding minder op diepgaande basisstudie en meer op toegepaste en praktykgerigte vorming. 'n Duidelike gevaar is byvoorbeeld dat 'n vak soos kerkgeskiedenis kan ontaard in toegepaste geskiedenis. Hierdie koerswysiging in die opleidingsituasie het tot gevolg dat die dosent meer en meer sigself op die klaskamer rig en dit ten koste van breër verantwoordelikhede wat ook navorsing insluit. Alhoewel onderrigontwikkeling uiteraard van groot belang is, sal die langtermyn nadelige gevolge van gebrekkige navorsing nie maklik opgelos kan word nie. Vir die dosent om sy of haar verantwoordelikhede uit te brei ook na voortgesette opleiding en na gemeenskapsdiens is belangrik, maar as dit dermate ten koste van behoorlike navorsing geskied, sal herbesinning dringend nodig word.

Hierdie ontwikkelinge binne die konteks van die Noord-Amerikaanse situasie sal nie vir die beoefenaar van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika wesensvreemd voorkom nie. Daar sal wel deeglik daarvan kennis geneem moet word en bepaalde dure lesse wat tans in die Amerikaanse situasie in die verband geleer word, behoort nie ongesiens by ons verby te gaan nie. Wat wel belangrik is, is dat daar nie eensydig daarop gereageer moet word nie maar dat die positiewe uit bepaalde verskuiwinge geneem moet word om uiteindelik die wetenskap van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika tot groter voordeel te dien.

4 ONTWIKKELING IN DIE KONTEKS "DOWN UNDER": AUSTRALIË

In die Australiese konteks is daar veral twee onlangse ontwikkelinge op die terrein van die kerkgeskiedenis wat die aandag trek. Dit is die totstandkoming van die "Centre for the Study of Australian Christianity" gedurende 1991 en die stigting van die "Evangelical History Association of Australia" gedurende 1987. Tot in die onlangse verlede het daar nie veel van 'n nasionale aksie rondom die uitbou van die kerkgeskiedenis in Australië bestaan nie. Samewerking tussen kerkhistorici en algemene historici van verskillende sentra in hierdie uitgestrekte land was hoogstens sporadies van aard⁵.

Die "Centre for the Study of Australian Christianity" is gestig met die medewerking van die Robert Menzies College van die Macquarie Universiteit in die buitewyke van Sydney, New South Wales. Die primêre missie van hierdie sentrum is om nagraadse studie en navorsing oor die Christelike godsdiens in Australië te koördineer en te bevorder. In sekere opsigte stel hierdie sentrum sigself ten doel om op 'n soortgelyke wyse as die "Billy Graham Centre", verbonde aan die Wheaton

College in die VSA, te funksioneer. Die sentrum wil veral op die nie-denominasionele en evangeliese fasette van die Australiese Christendom fokus. Deur middel van seminare, 'n argief-versameling, navorsingsprojekte en publikasies wil hierdie sentrum onder leiding van prof Stuart Piggin en dr Mark Hutchinson hulle doel bereik.

Die "Evangelical History Assosiation of Australia" is gestig met die doel om diegene in Australië wat geïnteresseerd is in die kerkgeskiedenis en in geskiedsfilosofie in een organisasie saam te bring. Reeds by drie geleenthede is omvattende simposiums aangepak wat onder andere op die historiografie, die onderrig en die filosofie van Christelike geskiedenis gefokus het. Hierdie vereniging beskik tans oor 140 lede en hy gee 'n tydskrif onder die titel *Lucas: An Evangelical History Review* uit.

Vanweë die feit dat Suid-Afrika en Australië sekere historiese en ander gemeenskaplikhede deel, sal skakeling tussen hierdie organisasies en die vakvereniging van kerkhistorici in Suid-Afrika al belangriker in die toekoms word.

5 ONTWIKKELINGE IN DIE KONTEKS "ALL OVER": DIE STIGTING VAN 'N NUWE INTERNASIONALE VERENIGING

Gedurende die afgelope jaar het daar ook op die terrein van 'n tweede wêreldwye kerkhistoriese vereniging bepaalde belangrike ontwikkelinge plaasgevind. Tot op daardie stadium het daar slegs een internasionale vakvereniging bestaan naamlik CIHEC ("Commission Internationale d' Histoire Ecclesiastique Comparee"). Vanweë die feit dat dit egter sterk Europees gerig was en vir 'n groot deel Franstalig, het dit mindere sukses gehad om sy vlerke wêreldwyd te spreid.

Enersyds vanweë hierdie leemtes en andersyds vanweë 'n behoefte om 'n wêreldwye organisasie daar te stel wat die brug tussen die Christelike teologie en die algemene geskiedenis doeltreffend slaan, het daar teen April 1992 in Wheaton in die Verenigde State van Amerika 'n internasionale vereniging bekend as die "International Association for the Study of Christianity and History" (IASCH) tot stand gekom. Die agtergrondgeskiedenis van hierdie vereniging loop terug tot in die vroeë 1970's toe die "Conference on Faith and History" in die Verenigde State van Amerika en die "Study Group on Christianity and History" in Groot Brittanje reeds in gereelde kontak met mekaar getree het. In 1988 is verdere kontak uitgebou met vakgenote in Nederland, Australië, Nieu-Zeeland en die Verenigde State van Amerika. Intussen is 'n nuusbrief as skakel tussen die verskillende

organisasies in die bogenoemde lande in 1991 geïnisieer onder die vaandel "Christianity and History: An International Newsletter". 'n Formele stigtingsvergadering is vir April 1992 in Wheaton in die Verenigde State van Amerika belê en by die geleentheid was verteenwoordigers van professionele vakverenigings uit die Verenigde State van Amerika, Skotland, Engeland, Nederland, Australië en Suid-Afrika teenwoordig. By die geleentheid is 'n voorlopige konstitusie aanvaar. Die missie en aktiwiteite is soos volg geformuleer: "This is an international association which exists to encourage historical study and reflection by Christians, and to foster scholarships on the history of Christianity. The association shall undertake such activities as encouraging reflection on the historical process from a Christian perspective; promoting research, scholarship and publication; facilitating the networking of scholars world-wide; fostering the formation of new regional and national groups; sponsoring international meetings, colloquia and conferences; publishing a newsletter; raising and expending such funds as are needed to support the above"⁶.

Blootstelling aan en dialoog met verteenwoordigers van kerkhistoriese vakverenigings elders ter wêreld kan nie net besonder verrykend wees nie, maar dit kan ook belangrike insigte bied met die oog op die worsteling waarmee kerkhistorici in Suid-Afrika tans besig is.

6 TEN BESLUITE

Ek meen ten slotte dat hierdie blootstelling aan 'n aantal ontwikkelinge elders in die wêreld op die terrein van die kerkgeskiedenis groot waarde en relevansie ook vir ons as beoefenaars van die kerkhistoriese wetenskap hier in Suid-Afrika inhou. Enkele van die belangrikste aspekte is die volgende: 'n groter gevoeligheid in die beoefening van die kerkgeskiedenis vir samelewingsontwikkelinge, 'n duideliker teologiese interpretasie van die betrokke materiaal, 'n skerper metodologiese verantwoording oor die kerkgeskiedenis as wetenskap, 'n meer konkrete dialoog met die beoefenaars van die algemene geskiedenis en 'n meer doelgerigte aanspreek van bepaalde leemtes soos die plek van die leek, die vrou en die swartmens in die kerkgeskiedenis.

Intussen lê daar ook 'n verskeidenheid van uitdagings vir die Suid-Afrikaanse kerkhistorikus voor. Dit lyk vir my dat dit veral geleë is in die brugrol wat hy kan speel. Enersyds kan dit 'n brugrol tussen die sogenaamde eerste- en derdewêreldse beoefenaars van die kerkgeskiedenis wees. Daar hoef daaroor nie

doekies omgedraai te word dat Suid-Afrika met sy beide bene stewig in twee wêreldes staan nie. Trouens, daar hoef ook nie verskoning daarvoor gemaak te word nie. Andersyds kan die kerkhistorikus in Suid-Afrika 'n belangrike brugrol speel in die uitbou van die verhouding tussen en die plek en rol van die kerkhistorikus en die algemene historikus in hulle beide se besigwees met die voortgang van die Christelike kerk. Elders ter wêreld het die rol van die kerkhistorikus al hoe meer 'n ondergeskikte plek begin inneem, met die daaruit voortvloeiende nadele veral vir die teologiese verantwoording en interpretasie van bepaalde ontwikkelinge. Bewus hiervan behoort kerkhistorici in Suid-Afrika wat nog 'n sterk groepering uitmaak, erns te maak met hierdie onderlinge dialoog, maar ook tot duidelike omlýning te kom van hulle onderskeie take. Wanneer hierdie en ook ander fasette in gedagte gehou word deur die beoefenaars van die kerkhistoriese wetenskap in Suid-Afrika, hoef die huidige oorgangsproses nie noodwendig beangstigend te wees nie. Trouens, dit kan moontlik soveel interessante uitdagings inhou sodat die reis op pad na die een en twintigste eeu selfs in 'n fassinerende avontuur kan ontwikkel.

NOTAS:

- 1 E Dussel, "Church History Working Commission", *Voices from the Third World* 6/2 (1983), 32.
- 2 T O Ranger & J Weller (red), *Themes in the Christian history of Central Africa*, London 1975, xi-xvi.
- 3 O U Kalu, "Decolonizing church historiography: the African experience 1986-1996", Ongepubliseerde referaat, CATI-konferensie (Zimbabwe) 1992, 15.
- 4 H W Bowden, *Church History in the Age of Science*, Chapel Hill 1985.
- 5 I Breward, "Professing History: an interview with Rev. Professor Ian Breward", *Lucas*, 12 (1991), 54-70.
- 6 R Pierard, "The International Association for the Study of Christianity and History", *IASCH Newsletter*, 3 (1992), 2.